

Herinner jouself om dankbaar te bly

Fil 3:1 Verder, my broeders, verbly julle in die Here. Dit is vir my nie lastig om **dieselfde** dinge aan julle te skrywe nie, en dit gee julle sekerheid.



Amplified Bible:
“It is a precaution
for your safety”

Wat is jou vlak van dankbaarheid?

Kol 3:17 En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

Ef 5:19 Spreek onder mekaar met psalms en **lofsange** en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here,

20 terwyl julle God die Vader altyd vir alles **dank** in die Naam van onse Here Jesus Christus,



Brand jou “Prys en Lof Vuur” nog?



2026-10-18
AGS Rayton
Past Gustav van Aardt



Het jy ‘n geestelike energiekrisis?



Kry geestelike hout
op jou vuur.



1. Dank die Here vir wat jy het: Lewe en Oorvloed

Joh 10:9 Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.

Joh 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. **Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.**



2. Mediteer oor God se liefde vir jou

Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld
(*Jannie / Sannie*) gehad, dat Hy sy eniggebore
Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo,
nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe
kan hê.



3. Werp jou bekommernisse op die Here

Jes 41:10 Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.

- **Bekommernisse blus jou prys en lof vuur uit.**
- **Ons val maklik vir die versoeking om op bekommernisse te mediteer.**
- **Dit bring geestelike koudheid.**



4. Dank die Here vir Sy Woord wat ewig is

Joh 10:35 ... **en die Skrif nie gebreek kan word nie,**

Jes 40:8 Die gras verdor, die blom verwelk; maar die **woord van onse God hou stand in ewigheid.**

Mat 24:35 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar **my woorde sal nooit verbygaan nie.**



5. Prys die Here vir jou medebroers en medesusters

Gal 3:28 Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.

- Dank die Here vir mekaar.
- Ons behoort ook aan mekaar, en het mekaar nodig.
- Vergewe mekaar.
- Wees lief vir mekaar.

6. Laat God se vrede jou hart bewaar

Fil 4:7 En **die vrede van God**, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.

- Slegte nuus laat jou prys en lof vure uitblus.
- Eis hierdie vers op as jou eie.
- God bewaar jou hart en gedagtes.



7. Prys die Here, jou Geneser

Exo 15:26 en gesê: As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; **want Ek is die HERE wat jou gesond maak.**

- Prys die Here in siekte en swakheid.
- Moenie in depressie of moedeloosheid val nie.
- God is steeds op die troon!



8. Prys Hom vir krag vir elke dag

Deut 33:25“.... And as your days are, so will your strength, your rest *and* security be.

- Prys Hom op 'n moeilike dag.
- God gee genoeg krag vir elke dag.



9. Prys God vir elke asemteug

Ps 150:6 Laat alles wat asem het, die HERE loof! Halleluja!

- **Prys God vir die wonderwerk van lewe.**
- **Dankie vir lewe.**
- **Moenie die lewe as vanselfsprekend aanvaar nie.**



10. Prys God in tye van moeilikheid en tragedie

Ps 46:2 God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef.

- **Hy is nie ver weg nie – Hy is baie naby.**
- **Hy verander die donkerste nag in 'n goue dagbreek.**



11. Prys God vir geestelike seëninge

Ef 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met **alle geestelike seëninge** in die hemele in Christus,

- God het ons nie met halwe seëninge geseën nie.
- Alle geestelike seëninge is reeds joune!
- Dit maak jou lus om Hom te prys!

